## 13 Augustus - NYL

**Skrifgedeelte: Deuteronomium 11:8-17 (OAV)**
**Fokusgedeelte: Deuteronomium 11:10, 11**

Al word die woord *Nyl* nie in hierdie gedeelte genoem nie, is die verband van ons teksvers duidelik.

Die HERE praat hier met sy volk deur Moses, en dan maak Hy 'n vergelyking tussen Egipte waar hulle vandaan kom, en Kanaän waarheen hulle op pad is.

Deur Egipte vloei die Nyl – die rivier wat lewe moontlik maak in Egipte, en van oudsher af deur die Egiptenare aanbid is as "vader en moeder van die gode". Wanneer die Nyl afkom en sy walle oorstroom, ontstaan daar groot lappe vrugbare grond aan sy oewers, en tussen die Nylkanale wat so gevorm is, was dit baie *maklik* om jou gesaaides nat te lei. Jy kon sommer so met jou voet 'n leivoor na jou tuin toe trek.

Kanaän is 'n relatief droë land wat uiters afhanklik is van reën vir saaiboerdery. Reën kom uit die hemel en daaroor beskik God (vs 14).

In Egipte kon jy dus vir jouself sorg solank jy op die Nyl gewag het. In Kanaän sal die HERE sorg (vs 12) solank jy op Hom wag!

Die HERE stel dit dus duidelik: óf julle gaan in Kanaän doen soos julle in Egipte gedoen het (selfgenoegsaam en met vertroue in 'n rivier) óf julle vertrou alléén op My. Daarom is dit amper soos 'n pleitroep van die lewende God teenoor nietige mensies: *"Neem julle in ag dat julle hart nie verlei word ... sodat julle afwyk en ander gode dien (nie) ..."*

Neem tog in ag hoe God in die gawe van sy Seun uit die hemel vir jóú sorg. Hou aan Hóm vas. Alleen in en met en deur Jesus Christus gaan jy die hemelse Kanaän binne om dit vir ewig te besit.

*Sing: Psalm 84:3, 4 (1936-beryming)* *Ds JH Cilliers (Reitz)*